# Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 65 NO 37 13 September 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENSTE VANDAG

Beide eredienste word deur
ds. Lourens du Plessis gelei.

*Ons bid u die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

## EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Volgende Sondagoggend se preek word gelei deur prof. Albert Coetsee. Ds. Jan-Louis Lee lei die aanderediens.

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 13 September**
**Oggend: Wyke 5 & 6**
*Oudle.* Neels Kloppers
Jan-Jurgens van der Walt
*Diakens:* Louw Lemmer
Braam Smith
Deon van der Merwe
Leon Haasbroek



L

**Aand: Wyke 7 & 8**
*Oudl.:* Andries de Kock
Jantus van der Linden
*Diakens:* Phillip Fourie
Kenneth Boy

## TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 6 & 7 o.l.v. *Petro Steyn en Ronalie de Kock* nooi almal hartlik uit om na die erediens saam te skink en drink.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondagaand:** Bybelstudie vir die jongmense 18 - 30

**Maandag:**
Klassis;
Daar sal agv die Klassis nie katkisasie vir die hoërskoolleerders wees nie.

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here sal jou beskerm teen elke onheil; Hy sal jou lewe beskerm."*
*Ps 121:7*

*Vandag 13 September*
Tertia Wassenaar 084 754 5566

*Maandag 14 September*
Corrie Kruger 072 203 7959
Franco v d Merwe (16) 082 562 6752
Ansie Wichmann 072 605 8675

*Woensdag 16 September*
Johannes van Heerden (5) 0799694949
Gené van Wyk 071 682 7782

*Donderdag 17 September*
Esna Venter 082 588 0079

*Vrydag 18 September*
Janneke Smith 076 123 0263
Ethel Coetzee (jnr) 064 687 2272
Jacques Tredoux snr 073 245 8307
Christiaan v d Merwe 081 554 6421
Shelley van Schalkwyk 082 685 4144

*Saterdag 19 September*
Ian de Villiers 082 336 6519
Herman Hamersma 061 003 9129
Tjaart Mienie (14) 083 300 7869

*Hartlik geluk aan sr. Corrie Kruger wat more haar 86ste verjaarsdag vier. Mag die Here jou ryklik seën in die nuwe lewensjaar en mag jy gelukkig en gesond wees. Ons wens jou 'n mooi dag toe saam met jou geliefdes.*



*"God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. 11Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen." 1 Petrus 5: 10 & 11*

## MEELEWING

*Joey Lindeboom,* wat in die hospitaal was met longontsteking, sterk nou tuis aan. Mag God jou vashou in sy liefde en genade. 082 446 5927

Ons is saam met *Frans Schutte* en sy gesin dankbaar dat hy tuis aansterk na sy rugoperasie. 083 304 0357

*Jannie Erasmus* is uiteindelik tuis na 5 maande in die hospitaal. Jannie, ons vertrou en bid dat jy nou sommer gou sterker sal word. 0824377188

'n Nuwe lidmaat van ons gemeente, *Wilma Vermaak* sterk tuis aan nadat sy die afgelope week 'n suksesvolle knievervangingsoperasie ondergaan het . Ons bid jou spoedige en volkome beterskap toe. 82 478 1823

## ROEPING AS AMPSDRAERS

Die Kerkraad het op sy vergadering van 27 Augustus 2026 na voorlegging, bespreking en goedkeuring, besluit om die volgende broeders ter approbasie vir die ampte as ouderling en diakens aan die gemeente voorgehou:

As ouderling, br. *Gert Wibbelink* en as diakens, *Daniël Erasmus, Juan Viviers en Willem Wepener*.

*Ons vra u voorbidding vir die Here se wysheid en insig met die oorweging van die roeping.*

## BEROEPENUUS

**Beroepe aanvaar**
*Ds MD (Dirk) Meijer* van GK Bloemburg na GK Meyerton
*Ds R (Ruan) Steyn* van Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati na GK Venterstad

## PROGRAM VIR SEPTEMBER

14 September: Klassisvergadering

20 September: Jong Lote funksie




## *JEUG VAN GISTER*

Die Jeug van Gister het die afgelope Dinsdag 'n baie interessante byeenkoms gehad. Onder leiding van Klarissa Engelbrecht het ons besin oor Kompleksiteit, Geloof en Wysheid en dus: om getrou te leef wanneer die lewe onseker en dubbelsinnig is en nie beheer kan word nie.



Ons almal het ons insette gelewer, ervarings gedeel, voorbeelde in die Bybel gevind en bevind dat die lewe is nie 'n keuse tussen slegs twee toestande nie, 'n derde moontlikheid kan die vrugbaarste plek wees met genoeg orde om veiligheid te bied met genoeg openheid vir leer, reaksie en nuwe lewe.

Baie dankie Klarissa, jy het ons goed aan die dink gesit om te begin doen.

## AANVAAR EN VERDRA MEKAAR BINNE DIE GESIN

*Romeine 14:13-23*

Ons leef in 'n tyd waarin bykans elke tweede persoon aanstoot neem oor die een of ander saak. Aan die een kant maak dit mens oorsensitief vir elke nuk en gril, aan die ander kant kan dit jou weer onsensitief maak.
Ons teks roep ons op om te oordeel, nie oor ander nie, maar oor ons eie gesindheid om nie moedswillig aanstoot te gee nie. Paulus gebruik weer kos as 'n voorbeeld en hy stel dit so mooi: "Die Koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie." Dit is dus ook nie 'n saak van kleinlike en menslike nukke en grille of voor- en afkeure nie.
In die gesin beteken dit weereens dat ons versigtig moet wees om ons kinders so godsdienstig groot te maak dat geloof ontbreek. Ons moet hulle nie leer om voorkeure en gebruike tot sake van die Koninkryk te verhoog nie, want dan laat ons hulle struikel, en sal hulle later ander laat struikel.
Tog is dit nie sonder grense nie, want die Koninkryk van God het alles te doen met gehoorsaamheid. Die toets daarvoor is of dit vrede en vreugde inhou wat van die Heilige Gees kom. Hiervoor moet ons hard werk, want volgens vers 18 geniet mense wat Christus so dien, die guns van God en die agting van mense. Tog sal daar dié wees wat al hoe minder agting vir mense het wat aan God gehoorsaam wil wees. Sulke mense sal aanstoot neem wanneer God duidelik in gehoorsame navolging vir hulle uitgewys word.



Toets dus alles aan dié standaard dat dit uit geloofsoortuiging kom wat God se tipe vrede en vreugde soek. So bring die hele gesin mekaar voormekaar voor die troon van God waar ons veilig is.

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*

# SNIPPERS

## OM IN TE TEKEN OP DIE KERKBLAD




Om in te teken op Die Kerkblad:
Kontak vir Angie by 018 297 3986 of tydskrifte@gksa.co.za
Intekengeld [11 uitgawes] is geldig vanaf 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2027
R400 - word by ons kerk afgelewer
R610 - sluit posgeld/koerierdienste in
R170 - elektroniese uitgawe




*Die Gereformeerde Kerk Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, en wel op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. 'n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die "Sorg Met Eer" projek vir ons emeriti. Skakel of Whatsapp vir Riekie by **082-586 9167** en bespreek u kaartjies.*

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan